



PUNTETOTAAL

--

NASIONALE SENIOR CERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2019

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: VRAESTEL 1

EKSAMENNOMMER

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

Tyd: 3 uur

150 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 32 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Die vraestel is verdeel in Afdeling A (25 punte), Afdeling B (75 punte) en Afdeling C (50 punte).
3. **Beantwoord AL die vrae op die vraestel en lewer dit aan die einde van die eksamen in. Onthou om jou eksamennommer in die spasie wat voorsien word, te skryf.**
4. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
5. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
6. Lees die vrae sorgvuldig. Let op die bewoording van die vrae, soos verduidelik, noem, kies, bespreek en identifiseer, en beantwoord dan dienooreenkomstig.
7. Gee jou antwoorde in algemene terme. Gebruik handelsname slegs wanneer jy gevra word. Gebruik byvoorbeeld "woordverwerker" in plaas van "Microsoft Word" of "WordPerfect".
8. Gewoonlik word 'n punt per feit toegeken. 'n Tweepuntvraag sal dus twee feite vereis, ensovoorts.
9. **MOENIE KORRIGEERVLOEISTOF GEBRUIK NIE.**
10. Twee blanko bladsye (bladsy 31–32) word aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy te min spasie vir 'n vraag het, gebruik hierdie bladsye en dui die vraagnommer van jou antwoord duidelik aan.

SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK: NASIENER MOET PUNTE INSKRYF

V1	V2	V3	V4	V5	V6	V7	V8	V9	TOTAAL
15	10	22	17	10	12	14	18	32	/150

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies die woord(e) in Kolom B wat die definisie in Kolom A die beste beskryf. Skryf die letter van jou keuse langs elke vraagnommer in die spasie wat voorsien word, byvoorbeeld 1.1.1 M.

	Kolom A	Kolom B
1.1.1	'n Regskontrak tussen 'n rekenaar-gebruiker en 'n sagtewaremaatskappy.	A. konvergensie
1.1.2	'n Reeks handeling/sleuteldrukke wat 'n gebruiker skep en opneem om herhalende take te outomatiseer om tyd te bespaar.	B. spioenware
1.1.3	'n Nutsprogram wat meer bergruimte beskikbaar maak.	C. AUP
1.1.4	Sagteware wat sonder jou toestemming afgelaai word wanneer jy op die internet is en jou dan bombardeer met ongewenste inligting.	D. gratis sagteware
1.1.5	Bring verskeie funksies byeen in een toestel.	E. mikro
		F. reklameware
		G. versoenbaarheid
		H. defragmentasie
		I. makro
		J. EULA
		K. SSD
		L. skyfskoonmaak

SKRYF JOU ANTWOORD HIER NEER:

1.1.1		(1)
1.1.2		(1)
1.1.3		(1)
1.1.4		(1)
1.1.5		(1)

1.2 Kies die toepaslikste antwoord op elke vraag. Skryf die letter van jou keuse langs elke vraagnommer in die spasie wat voorsien word.

1.2.1 Identifiseer die spreitabelfunksie wat NIE met teksdata gebruik word nie.

- A UPPER
- B COUNT
- C LEN
- D FIND

1.2.1	
-------	--

(1)

1.2.2 Watter een van die volgende stellings oor datastrukture is **waar**?

- A 'n Veld bestaan uit 'n groep verwante rekords.
- B 'n Veld bestaan uit 'n groep lêers.
- C 'n Databasis bestaan uit die datavelde vir 'n enkele toepassing.
- D 'n Rekord bestaan uit 'n groep verwante velde.

1.2.2	
-------	--

(1)

1.2.3 'n ... verbind twee takke van 'n maatskappy wat in twee afsonderlike voorstede in dieselfde stad geleë is.

- A WLAN
- B GAN
- C MAN
- D SAN

1.2.3	
-------	--

(1)

1.2.4 Watter een van die volgende stellings oor die gebruik van die Windows Firewall is **onwaar**?

- A Dit kan 'n sekuriteitslog opstel van al die pogings om toegang tot jou rekenaar te verkry.
- B Dit bespeur enige virusse en wurms op jou rekenaar en skrap hulle.
- C Wanneer jy met 'n kitsboodskap besig is en iemand wil vir jou 'n lêer of foto stuur, kan dit jou vra of die brandmuur vir hierdie verbinding afgeskakel moet word.
- D Dit vorm 'n versperring tussen jou rekenaar en inkomende verkeer van die netwerk of internet af.

1.2.4	
-------	--

(1)

1.2.5 'n Internetspeletjie wat die speler toelaat om karakters te skep wat 'n ander of alternatiewe lewe leef, staan bekend as ...

- A virtuele lewe.
- B parallelle lewe.
- C onrealistiese lewe.
- D rekenaarlewe.

1.2.5	
-------	--

(1)

1.2.6 'n Geënkripteerde kode wat aan 'n e-posboodskap geheg word om die identiteit van die sender te verifieer, word ... genoem.

- A 'n digitale sertifikaat
- B 'n digitale handdruk
- C digitale konvergensie
- D 'n digitale handtekening

1.2.6	
-------	--

(1)

1.2.7 Wanneer 'n rekenaar met 'n bediener verbind om hulpbronne te gebruik, watter een van die volgende rolle neem die rekenaar aan?

- A bedienerrekenaar
- B bergingsrekenaar
- C kliëntrekenaar
- D ondersteunende rekenaar

1.2.7	
-------	--

(1)

1.2.8 Wanneer 'n lêer na 'n drukker gestuur word, word dit normaalweg in 'n tou geplaas; hierdie proses word ... genoem.

- A wagtyd
- B bufferwerking
- C multitaakverwerking
- D spooling

1.2.8	
-------	--

(1)

1.2.9 Watter een van die volgende foute verwys na die #VALUE!-foutaanwyser in 'n spreitabel?

- A verkeerde spelling van 'n funksienaam
- B verwysing na 'n geskrapte sel
- C vermenigvuldiging van 'n tekswaarde met 'n numeriese waarde
- D deling van 'n numeriese waarde deur nul (0)

1.2.9	
-------	--

(1)

1.2.10 Watter van die volgende stellings sal altyd waar wees aangaande oopbronsagteware?

- (i) Dit is gratis.
- (ii) Die bronkodes word beskikbaar gemaak.
- (iii) Veranderinge aan die bronkode kan aangebring en versprei word.
- (iv) Dit word net saam met nuwe rekenaars versprei.

- A (i) en (ii)
- B (ii) en (iv)
- C (iii) en (iv)
- D (ii) en (iii)

1.2.10	
--------	--

(1)
[15]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V1	
-----------------------------------	-------------------	--

VRAAG 2

2.1 Kies die toepaslikste term/funksie (onderstreep en tussen hakies gegee) vir elke stelling wat volg. Skryf die term/funksie van jou keuse langs elke stellingnommer in die spatie wat voorsien word.

2.1.1 Die (VLOOKUP/CONCATENATE) -funksie laat jou toe om te soek na 'n waarde wat in 'n bestaande tabel in 'n spreitabel gestoor is.

2.1.1		(1)
-------	--	-----

2.1.2 'n (Voetnoot/Eindnota) in 'n Word-dokument is bykomende inligting wat aan die einde van 'n dokument geplaas word en deur 'n nommer of simbool met die relevante teks in die dokument verbind word.

2.1.2		(1)
-------	--	-----

2.1.3 Wanneer jy in 'n databasisprogram werk, word veldname wat in 'n uitdrukking gebruik word, tussen (vierkantige hakies/ronde hakies) geplaas.

2.1.3		(1)
-------	--	-----

2.1.4 Indien jy 'n vertikale spatie aan die bokant en onderkant van die data in 'n HTML-tabel wil byvoeg, sal jy die (<table cellpadding>/<table cellspacing>) -kenmerk moet gebruik.

2.1.4		(1)
-------	--	-----

2.1.5 'n (Video/Klank) -lêer het 'n .mov-uitbreiding.

2.1.5		(1)
-------	--	-----

2.1.6 Die deel van toepassings en databerging oor die internet word (rooster/wolk) -verwerking genoem.

2.1.6		(1)
-------	--	-----

2.2 Brei die volgende akronieme uit.

2.2.1 GUI

(1)

2.2.2 HTML

(1)

2.2.3 URL

(1)

2.2.4 EFO

(1)

[10]


25 punte

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V2	
-----------------------------------	-------------------	--

AFDELING B

VRAAG 3 STELSELTECHNOLOGIEË

3.1 Identifiseer die beelde hieronder en voltooi die tabel op die volgende bladsy.



3.1.1¹

3.1.2²



3.1.3³

3.1.4⁴

¹ https://www.123rf.com/photo_29462909

² <https://www.what-the-heck-is-that->

³ https://www.ebay.co.uk/b/Compos/131511/bn_661681

⁴ https://pisces.bbystatic.com/image2/BestBuy_US/images/products/5711/5711723_.jpg

Vraag- nommer	Naam van hardeware/sagteware	Hooffunksie
3.1.1		
3.1.2		
3.1.3		
3.1.4		

(8)

3.2 Skootrekenaars, slimfone, 2-in-1-toestelle, ens. kan verskillend lyk, maar hulle het almal gemeenskaplike funksies. As eindgebruiker word die meeste van jou tyd aan die gebruik van toepassingsagteware, stelselsagteware en nutssagteware bestee.

Gee **TWEE** voorbeelde van hoe stelselsagteware jou van 'n basiese vlak van sekuriteit voorsien.

(2)

3.3 Wanneer jy ontdek dat jy foute of probleme op 'n flitsskyf het, watter tipe foutspeurnutssagteware (*troubleshooting utility software*) kan gebruik word om jou flitsskyf na te gaan en te herstel?

(1)

3.4 Rekenaars het ook drywers nodig om effektief te funksioneer.

3.4.1 Verduidelik wat 'n *drywer* is deur na die hoof funksie daarvan te verwys.

(2)

3.4.2 Waarom vra baie inproptostelle die gebruiker nie om 'n drywer te installeer nie?

(2)

3.5 Wanneer jy nuwe toepassingsagteware koop, sal dit dalk vir jou nodig wees om 'n produksleutel te hê.

3.5.1 Wat is 'n produksleutel?

(1)

3.5.2 Gee die hoofrede waarom sagtewareontwikkelaars produksleutels gebruik.

(1)

3.5.3 Gee **EEN** rede waarom 'n eindgebruiker van die produksleutel gebruik sal moet maak.

(1)

3.6 Partisionering van die hardeskyf op 'n rekenaar word al gewilder. Gee **TWEE** voordele wat die partisionering van hardeskywe vir gebruikers kon inhou.

(2)

3.7 Jy het alles reg gedoen toe jy jou rekenaar opgestel het, maar jou rekenaar wil nie selflaai nie. Noem **TWEE** stappe wat jy kan doen om die probleem op te los.

(2)
[22]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V3	
-----------------------------------	-------------------	--

VRAAG 4 INTERNET EN NETWERKTECHNOLOGIEË

4.1 Ons leef in 'n wêreld waar alles oombliklik moet wees en inligting moet binne sekondes gestuur en ontvang word. Wat die tipe internetverbinding betref, sal die meeste mense *breëband* verkies.

Verduidelik mooi wat die verskil tussen die terme *breëband* en *bandwydte* is.

(2)

4.2 Om met die internet verbind te wees bied baie geleenthede vir digitale kommunikasie wat geld kan bespaar, veral in die sakewêreld.

4.2.1 Gee **EEN** voorbeeld om te verduidelik hoe digitale kommunikasie 'n maatskappy geld kan bespaar.

(2)

4.2.2 Gee die term wat verwys na die gaping tussen demografie en gebiede wat toegang het tot moderne inligtings- en kommunikasietegnologie, en diegene wat dit nie het nie of beperkte toegang het.


(1)

4.3 Veselinternetverbinding in Suid-Afrika word al meer algemeen en bekostigbaar en is vinnig besig om ADHL-verbinding te vervang.

Onderskei tussen die fisiese media wat vesel en ADHL gebruik om met die internet te verbind. Moenie na die spoed van die verbinding verwys nie.

(2)

4.4 Tans maak die meeste maatskappye, skole, universiteite en banke van rekenaartegnologie gebruik deur op 'n netwerk te werk.



Figuur 1

4.4.1 Identifiseer die netwerktopologie wat in Figuur 1 geïllustreer word.

(1)

4.4.2 Gee **TWEE** voordele van hierdie netwerktopologie.

(2)

4.4.3 Gee **TWEE** beperkings van hierdie netwerktopologie.

(2)

4.5 Jy het 'n paar basiese hardewarekomponente nodig om met 'n netwerk te verbind. Verduidelik kortliks die funksie van elkeen van die volgende komponente wat normaalweg met 'n netwerk geassosieer word.

4.5.1 NIC

(1)

4.5.2 Skakel

(1)

4.6 'n Tegnikus wat 'n netwerk opstel, moet die verskillende protokolle wat vir data-oordrag beskikbaar is, ken.

4.6.1 Wat word met die term *protokol* bedoel?

(1)

4.6.2 Beskryf wat met 'n lêer gebeur wanneer die *File Transfer Protocol* gebruik word om data oor 'n netwerk te deel.

(2)

[17]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V4	
-----------------------------------	-------------------	--

VRAAG 5 INLIGTINGSBESTUUR

Nuwe slimfoonbestuurstoep wil bestuur-standaarde in Suid-Afrika opjaag



"Wanneer mense aan die verband tussen slimfone en bestuur dink, is hul eerste gedagte dikwels negatief. Ons wil hierdie persepsie verander deur te demonstreeer dat slimfoontelematika 'n kragtige hulpmiddel kan wees om bestuurdersgedrag en padveiligheid te verbeter," sê Anton Ossip, hoof uitvoerende beampte van *Discovery Insure*.

Die *Discovery Insure*-toep (app) gebruik 'n slimfoon se versnellingsmeter en GPS om 'n bestuurder van gedetailleerde bestuursinligting te voorsien.

5.1 Jy het onlangs 'n nuwe motor gekoop en Discovery Insure genader om jou voertuig te verseker. Jy is versoek om eers 'n volgsensor te installeer en die Discovery Insure-bestuurstoep af te laai. Voor jy bestuur, moet jy jou foon via Bluetooth met die volgsensor paar. Dit verseker dat jou bestuursprestasie deur die bestuurstoep aangeteken kan word.

5.1.1 Wanneer jy begin ry, sien jy dat daar geen aktiwiteit op die bestuurstoep is wat jou ritte aanteken nie. In die veronderstelling dat jou foon aan is, die toep werk en die volgsensor via Bluetooth gepaar is, wat kan nog die oorsaak wees dat die rit nie aangeteken word nie?

(1)

5.1.2 Sodra jy die probleem geïdentifiseer en reggestel het, is jy gereed om verder te ry. Noem **DRIE** eienskappe van jou bestuurstegniek of jou rit waaroor jy aan die einde van jou rit kan verwag om inligting te ontvang.

(3)

⁵ <http://www.insurancechat.co.za/2014-05/new-smartphone-/>
IEB Copyright © 2019

5.2 Gee **TWEE** voorbeelde van inligting wat Discovery Insure aan 'n bestuurder kan verskaf.

(2)

5.3 Afgesien daarvan om terugvoer oor hul bestuursgedrag aan hul kliënte te gee, kan Discovery Insure die ingesamelde data op ander maniere gebruik. Noem **TWEE**.

(2)

5.4 Sommige kliënte het gekla oor die statistiese terugvoer wat deur die Discovery-toep gegee word, aangesien hulle van mening is dat die inligting nie die waarheid weerspieël nie vanweë eksterne faktore wat hul bestuurspatroon tydens 'n bepaalde rit beïnvloed het.

Identifiseer **TWEE** eksterne faktore wat 'n bestuurder se gedrag tydens 'n bepaalde rit kan beïnvloed.

(2)
[10]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V5	
-----------------------------------	-------------------	--

VRAAG 6 SOSIALE IMPLIKASIES

6.1 Jy het onlangs by Monte Casino se Entertainment Twitter-platform aangesluit, aangesien jy graag ingelig wil word oor komende geleenthede en vertonings in 2019.

6.1.1 Wat is Twitter?

(2)

6.1.2 Waarom sal Monte Casino eerder Twitter as Facebook gebruik om komende geleenthede aan te kondig?

(2)

6.1.3 Gee die term vir die praktyk waar iemand byvoorbeeld 'n aanlynrekening open deur 'n ander persoon se besonderhede te gebruik.

(1)

6.2 Ons leef in 'n wêreld waar daar nog altyd misdadigers was en dit sal onrealisties wees om te dink dat mense nie vorendag sal kom met maniere om rekenaars te gebruik om misdaad te pleeg nie.

Definieer die term *sosiale manipulasie* in die konteks van inligtingsekuriteit. Waarom sal enigiemand hierdie tipe sosiale manipulasie gebruik?

(2)

6.3 Die meeste skole gebruik e-pos as die vernaamste metode om met ander skole en met ouers te kommunikeer.

6.3.1 Kragonderbrekings word dikwels as gevolg van beurtkrag ondervind. Ten spyte van hierdie kragonderbrekings bereik e-pos wat deur 'n skool gestuur is steeds die ontvangers. Hoe is dit moontlik? Jy moet in jou antwoord verwys na die proses waardeur e-pos gestuur en ontvang word.

(2)

6.3.2 Verduidelik hoe 'n opvoeder by die skool 'n e-pos met belangrike inligting aan die ouers van sy/haar registerklas sal stuur sonder dat ouers weet aan wie dieselfde e-pos gestuur is.

(1)

6.3.3 Verduidelik wat 'n pos- of verspreidingslys in die konteks van e-pos-kommunikasie is.

(1)

6.3.4 Noem **EEN** voordeel van die gebruik van 'n pos- of verspreidingslys in e-poskommunikasie.

(1)

[12]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V6	
-----------------------------------	-------------------	--

VRAAG 7 OPLOSSINGONTWIKKELING

Stark Industries⁶ wil verseker dat hul werknemers 'n 7%-salarisverhoging vir 2019 ontvang. Personeel wat al 24 jaar of langer in diens is, sal 'n eenmalige aansporingsbonus van R30 000 ontvang en diegene wat minder as 24 jaar in diens is, sal R20 000 ontvang. Pepper Pots, die HUB van Stark Industries, moet seker maak dat die sekretaresse die inligting korrek bereken het.

7.1 Die spreitabel in **Figuur 2** verteenwoordig die inligting van die bestuurspersoneel van Stark Industries.

10	Werknemernaam	Werknemervan	Titel	Jare in diens	Maandelikse salaris	Verhoging	2019 Salaris	Aansporing
11	Pepper	Pots	CEO	30	R200 000	R14 000	R214 000	R30 000,00
12	Kristin	Longfellow	Secretary	25	55000	R3 850	R58 850	R30 000,00
13	Obadiah	Stane	Executive Officer	27	60000	R4 200	R64 200	R30 000,00
14	Happy	Hogan	Head of Security	20	80000	R5 600	R85 600	R20 000,00
15	Dr Gray	Armond	Head Designer	14	154000	R10 780	R164 780	R20 000,00
16	Abe	Klein	Director of Engineering	19	167000	R11 690	R178 690	R20 000,00
17	Harmon	Furmintz	Head of Biochemical devision	24	144000	R10 080	R154 080	R30 000,00
18	Henry	Gritson	Research Scientist	17	90000	R6 300	R96 300	R20 000,00
19	Cherry	Wood	Scientist	23	120000	R8 400	R128 400	R20 000,00
20	Arwyn	Zurrow	Head of the Miami facilities	28	110000	R7 700	R117 700	R30 000,00
21	Yvette	Avril	Head of the French facilities	34	110000	R7 700	R117 700	R30 000,00
22	Eric	Sondheim	Medical Director	21	88000	R6 160	R94 160	R20 000,00
24	Bes betaalde werknemer				R200 000,00			
25	Tweede bes betaalde werknemer				R167 000,00			

Figuur 2

7.1.1 Om dit vir Pepper Pots maklik te maak om te identifiseer watter werknemers al minstens 24 jaar by Stark Industries is, het die sekretaresse die inligting soos aangedui in kolom D gearseer. Watter outomatiese tegniek het die sekretaresse gebruik om dit te doen?

(1)

7.1.2 In kolom E word Pepper Pots se maandelikse salaris as 'n monetêre waarde vertoon. Wat moet die sekretaresse doen om die waardes in E12:E22 korrek te vertoon?

(1)

⁶ <https://turundarilangit15.blogspot.com/2018/07/stark-industries.html>
IEB Copyright © 2019

7.1.3 Skryf die formule neer om die 7%-verhoging in kolom F te bereken.

(2)

7.1.4 Die aansporingsbonus is bereken deur 'n *IF*-funksie te gebruik:

Byvoorbeeld: = IF(D10>=24,30000, IF(D10<=23,20000))

Wat word hierdie tipe *IF*-funksie genoem?

(1)

7.2 Stark Industries het tans meer as 2 000 werkers in diens buiten die bestuurs-personeel. Pepper Pots wil aan elke werknemer 'n verpersoonlikte brief gee om hulle te bedank vir hul harde werk en toewyding aan Stark Industries. Die sekretaresse wil elke brief individueel uittik; sy moet egter eerder die *possaamvoegopsie* gebruik wat in enige basiese woordverwerkingsprogram beskikbaar is.

Verduidelik hoe *possaamvoeging* werk deur te verwys na die stappe wat jy sal volg van die begin van die *possaamvoeging* af totdat die briewe gereed is vir verspreiding.

(5)

7.3 Die sekretaresse het onlangs aan die vaslegging en insameling van die data gewerk soos deur Pepper Pots versoek. Hierdie inligting moet egter in ander kantoortoepassingspakkette geïntegreer word, byvoorbeeld 'n spreitabel, databasis en aanbiedingtoepassingspakket.

7.3.1 Noem **TWEE** metodes wat die sekretaresse kan gebruik om inligting tussen die kantoortoepassingspakkette te integreer sonder om inligting oor te tik of weer vas te lê.

(2)

7.3.2 Hoe sal die sekretaresse die getal rekords in 'n databasisverslag bereken en vertoon?


(2)
[14]

75 punte

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V7	
-----------------------------------	-------------------	--

AFDELING C

VRAAG 8 GEÏNTEGREERDE SCENARIO



Exotic Zoo Wildlife Park is 'n opwindende interaktiewe gemeenskapsdieretuin in Telford. Ons bied ook opvoedkundige werkwinkels, kinderpartytjies en terapie met diere aan.⁷

8.1 Die Exotic Zoo Wildlife Park se Facebook-bladsy het vir 'n lang tyd uitstekend gewerk, maar 'n paar probleme het onlangs opgeduik. Die dieretuinbestuurder het begin om foute te soek.

Skets **TWEE** moontlike redes waarom die aanlyn sosiale netwerkstelsel stadig loop in die veronderstelling dat daar geen virusse is nie.

(2)

8.2 'n Aanlyn sosiale netwerk is absoluut noodsaaklik vir die Exotic Zoo Wildlife Park, aangesien dit deel vorm van hul bemarkingsveldtog.

Definieer die term *sosiale netwerk*.

(2)

⁷ <https://twitter.com/exoticzoo?lang=en>

8.3 Die Exotic Zoo Wildlife Park moet op die spoor bly van die gesondheid en voedselbehoefte van al die reptiele en uitheemse diere. Die eienaar gebruik 'n databasisprogram hiervoor. Wanneer die basiese tabelstruktuur van die databasistabel ontwerp word, is dit belangrik om te weet waarvoor die databasis gebruik gaan word.

Verwys na die scenario en verduidelik elkeen van die volgende terme wat met die skep van 'n databasistabelstruktuur geassosieer word en gee 'n voorbeeld van elk.

8.3.1 Primêre sleutel

(2)

8.3.2 Toevoermasker

(2)

8.3.3 Valideringsreël

(2)

8.4 Gee **TWEE** redes waarom 'n vorm 'n beter opsie vir datavaslegging is as 'n tabel.

(2)

8.5 Afgesien van 'n tabel en vorm wat in 'n databasisprogram gebruik kan word, is die gebruik van 'n navraag en 'n verslag net so belangrik wanneer terugvoer gegee word.

Gee **TWEE** voordele van die gebruik van 'n verslag om inligting vir inligtingsbestuur te vertoon.

(2)

8.6 Een keer per jaar wil die bestuurder graag die gewig en groei van sy reptiele en uitheemse diere vertoon deur dit op 'n grafiek vas te lê. Grafieke word gewoonlik gebruik om data te vergelyk, patrone te identifiseer en voorspellings te maak. Om hierdie redes moet 'n grafiek maklik wees om te lees en te interpreteer.

Gee vir die bestuurder **TWEE** wenke wat hy moet oorweeg wanneer hy sy grafieke skep.

(2)

8.7 Die dieretuinbestuurder stel daarin belang om 'n ergonomies ontwerpte sleutelbord te koop. Gee **TWEE** redes waarom dit 'n goeie idee is.

(2)
[18]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V8	
-----------------------------------	-------------------	--

VRAAG 9 GEÏNTEGREERDE SCENARIO (vervolg)

9.1 Die Exotic Zoo Wildlife Park word gekategoriseer as 'n *klein kantoor/tuiskantoor*-onderneming. Die bestuurder verkies om een tafelrekenaar te gebruik wat met 'n drukker en die internet verbind is om e-pos te ontvang en vir interaksie met die gemeenskap.

9.1.1 Het die dieretuinbestuurder 'n bediener nodig? Motiveer jou antwoord.

(2)

9.1.2 Hou die scenario in gedagte en vergelyk die gebruik van 'n skootrekenaar met 'n tafelrekenaar deur te verwys na die verwerkingspoed en die potensiaal om op te gradeer.


(4)

9.1.3 Een van die werknemers probeer die dieretuinbestuurder oortuig om 'n skootrekenaar in plaas van 'n tafelrekenaar te gebruik. Gee die **TWEE** vernaamste voordele van die gebruik van 'n skootrekenaar bo 'n tafelrekenaar.

(2)

9.2 Die dieretuinbestuurder het die volgende Apple iMac-advertensie op takealot.com gesien:

Apple iMac⁸ with Retina 4K display Intel Core i5 3.0 GHz quad-core @ R12 799



<p>Display:</p> <ul style="list-style-type: none"> - Retina 4K Display <p>Processor:</p> <ul style="list-style-type: none"> - 3.0 GHz quad-core Intel Core i5 (Turbo Boost up to 3.5 GHz) <p>Memory:</p> <ul style="list-style-type: none"> - 8 GB of 2400 MHz DDR4 on-board memory 	<p>Storage:</p> <ul style="list-style-type: none"> - 1 TB (5400 rpm) hard drive <p>Connections and expansions:</p> <ul style="list-style-type: none"> - 3.5 mm headphone - SDXC card slot - Four USB ports 	<p>Wireless:</p> <ul style="list-style-type: none"> - Wi-Fi - 802.11 ac Wi-Fi wireless networking <p>Bluetooth</p> <ul style="list-style-type: none"> - Bluetooth 4.2 wireless technology <p>macOS Sierra</p>
---	--	---

9.2.1 Die dieretuinbestuurder wil weet wat die verskille is tussen geheue (*memory*) en berging (*storage*). Verduidelik die doel van *geheue* en *berging* in 'n rekenaar.

(2)

9.2.2 Waarvoor word die *SDXC-kaartgleuf* gebruik?

(1)

⁸ <https://www.takealot.com/apple-imac-21-5-retina>
IEB Copyright © 2019

9.2.3 Wat beteken vierkernverwerker (*quad core processor*)?

(2)

9.2.4 Noem **DRIE** hardewaretostelle wat met die rekenaar verbind kan word deur 'n USB-poort te gebruik.

(3)

9.3 Die dieretuinbestuurder het 'n antivirusprogram geïnstalleer en geloop. Die antivirusprogram het 'n geïnfekteerde lêer gevind en 'n kennisgewing gestuur dat die lêer onder kwarantyn geplaas is.

9.3.1 Verduidelik die term *kwarantyn*.

(2)

9.3.2 Buiten die koop van 'n nuwe rekenaar of hardeware, wat sal jy moet doen indien die antivirusprogram nie boosware van jou rekenaar kan verwyder nie?

(2)

9.3.3 Beskryf die **TWEE** hoofstappe wat die dieretuinbestuurder moet doen om 'n toepassing wat nie reageer nie, toe te maak.

(2)

9.4 Die dieretuinbestuurder het 'n administratiewe assistent aangestel wat doof is. Baie gehoorgestremde gebruikers maak vir beter kommunikasie op IKT staat.

9.4.1 Wat word met die term *IKT* bedoel?

(1)

9.4.2 Die meeste e-postoepassings maak die gebruiker van 'n inkomende e-posboodskap bewus deur 'n geluid te maak. Watter opsie is beskikbaar om 'n dowe gebruiker van inkomende e-pos bewus te maak?

(1)

9.4.3 Noem die tipe toepassing wat die administratiewe assistent kan gebruik om 'n lesing vas te lê wat deur die dieretuinbestuurder gegee word oor hoe om vir reptiele en uitheemse diere te sorg sodat dit in hul maandelikse nuusbrieff ingesluit kan word.

(1)

9.4.4 Die dieretuinbestuurder wil video's maak wat op YouTube gebruik kan word. Wat moet hy doen om die video's vir dowe gebruikers toeganklik te maak?

(1)

9.5 Die assistent noem vir die dieretuinbestuurder dat daar eiendomsregtelike sagteware (gekoopte sagteware), OBS (oopbronsagteware) en deelwareprodukte beskikbaar is. Waarom sal die administratiewe assistent dit oorweeg om deelware te gebruik? Verduidelik in jou antwoord wat met die term *deelware* bedoel word.

(2)

9.6 Die dieretuinbestuurder het 'n stippeldrukker en glo steeds dit is die beste opsie vir sy onderneming. Die administratiewe assistent beveel die gebruik van 'n veeldoelige drukker aan. Verduidelik waarom 'n veeldoelige drukker beter is deur die veeldoelige drukker met 'n stippeldrukker te vergelyk.

(2)

9.7 'n Webwerf moet vir die Exotic Zoo Wildlife Park geskep word.

Gee **TWEE** redes waarom die insluiting van die ALT-kenmerk in die HTML-kode voordelig sal wees vir beide siende en gedeeltelik siende/blinde mense.

(2)

[32]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V9	
-----------------------------------	-------------------	--

50 punte

Totaal: 150 punte

